191.A.1 (52)

# SUID-AFRIKAANSE KRONIEK, 1948.

Deur prof. H. B. Thom
(Universiteit van Stellenbosch).

---

Gedurende die jaar 1948 het daar op die verskillende terreine van historiese arbeid in Suid-Afrika heelwat voorgeval.

Aan die universiteite, waar onderwys en navorsing onafgebroke voortgesit is, het die geskiedenis-personele 'n sekere mate van verandering ondergaan. Na die heengaan prof. I.D. Bosman van die Universiteit van Pretoria, wat in Suid-Afrika allerweë as 'n groot verlies betreur is, is dr. A.N. Pelzer, wat senior lektor in Geskiedenis aan dieselfde universiteit was, as professor aldaar aangestel. In die plek van dr. Pelzer as senior lektor is vervolgens dr. F.J. du T. Spies benoem, terwyl as lektor na Pretoria gegaan het dr. W.J. de Kock, wat kort tevore aan die Universiteit van Stellenbosch gepromoveer het.

Na die stigting van 'n Departement van Eksterne Studie onder leiding van prof. A.J.H. van der Walt - wat as professor van Geskiedenis op Potchefstroom deur dr. D.W. Krüger opgevolg is - deur die Universiteit van Suid-Afrika, moes ook vir geskiedenisonderrig onder hierdie departement voorsiening gemaak word. Hiertoe is as senior lektor benoem dr. C.F.J. Muller, wat as Rhodes-student in Oxford gestudeer en later op Stellenbosch die doktorsgraad verwerf het. Dit het egter al gou geblyk dat die behoefte aan die Departement van Eksterne Studie groot was, en dat veral in Geskiedenis die getalle studente sterk aangewas het, met die gevolg dat naas die senior lektor ook 'n lektor benoem moes word, t.w. mnr. T. van Wyk van Grahamstad.

Nog 'n belangrike aanstelling is dié van 'n ander Stellenboschse oud-student, dr. J.J. Oberholster, as senior lektor aan die Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat in Bloemfontein. Ook in Bloemfontein het die getalle studente sterk aangegroei, en hier is bowendien by die Vrystaatse Argief 'n besonder ruime veld vir

navorsing, sodat die aanstelling van dr. Oberholster 'n tydige was.

Tot die geskiedenis-personeel van die Universiteit van Stellenbosch het daar 'n tydelike toevoeging gekom in die persoon van mnr. C.R. Kotzé, wat as buitengewone lektor aldaar behulpsaam sal wees tot aan die end van 1950, d.i. solank - soos weldra nader sal blyk - skrywer hiervan hom met die Dagverhaal van Jan van Riebeeck besighou.

Oor die algemeen kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse universitêre inrigtings - ook dié wat nie hier by name genoem is nie - in hulle geskiedenis-departemente tans van deeglike, goed-geskoolde werkkragte voorsien is. Maar desnieteenstaande gaan hulle nog onder 'n moeilikheid gebuk wat 'n baie ou moeilikheid is: vanweë die betreklike onbuigsaamheid van ons hele stelsel van hoër onderwys, word daar aan professore en lektore van die vak sulke swaar eise gestel wat die onderwys betref, dat hulle maar min tyd vir navorsing oor het en dit soms onder uiters moeilike omstandighede moet doen. Dat die toestand deur die benoeming van meer dosente al aansienlik verbeter het, wil 'n mens met dankbaarheid erken, maar as ons aan ons huidige stelsel hou, en as die universiteitsdosent sy huidige, sware dubbele funksie van onderwys en navorsing moet bly vervul, sal ons seker nog lank voel dat ons in ál ons universiteite se departemente van Geskiedenis eintlik heelwat meer werkkragte behoort te hê.

Wat die Suid-Afrikaanse argiewe betref, was die jaar 1948 ook nie sonder betekenis nie.

Die Argiefkommissie, wat toesig oor die argiewe hou en die Regering van advies in verband met die versameling en huisvesting van dokumente dien, het hom lank daarvoor beywer om in die argiewe 'n behoorlike publikasie-afdeling in die lewe te roep, wat die oudste en waardevolste stukke sou uitgee ten einde hulle aldus in ruimer kring beskikbaar te stel en teen die slytasie van veelvuldige hantering te vrywaar. Hierdie pogings is nou eindelik met sukses bekroon. Dr. J.H. Breytenbach, wat reeds 'n hele aantal jare in die argiefdiens is, is aan die hoof van die publikasie-afdeling geplaas en het reeds met 'n weldeurdagte skema voor die

dag gekom, waarvolgens Suid-Afrikaanse argiefstukke in die toekoms op sistimatiese wyse en in uniforme formaat gedruk sal word. Aan so 'n skema is die behoefte inderdaad groot, want in die verlede was daar in Suid-Afrika nie veel plan agter die publikasie van stukke nie, terwyl dit ook maar eers enige jare gelede is dat die herkomsbeginsel in dié verband toegepas is.

Nou verbonde aan die argiewe is die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, wat tans verreweg ons vernaamste gereelde geskiedkundige publikasie geword het. Met regeringsteun is dit in 1938 in die lewe geroep, onder redaksie van 'n Raad van vakmanne, t.w. die destydse Hoofargivaris (dr. C. Graham Botha), die Assistent-Hoofargivaris (dr. Coenraad Beyers), prof. J.L.M. Franken en skrywer hiervan, terwyl dr. P.J. Venter as redaksie-sekretaris opgetree het. Afgesien daarvan dat sedertdien dr. Venter gewone mede-redakteur en dr. Breytenbach sekretaris geword het, is die personeel tans nog onveranderd.

Die Jaarboek, waarin die resultate van oorspronklike ondersoekingswerk in ons argiewe gedruk word, beslaan tot op datum reeds vyftien lywige bande, en bydraes word nog voortdurend vanuit verskillende oorde aangebied. Bydraes word óf in Afrikaans, óf Nederlands, óf Engels ontvang en in elkeen van hierdie taalmedia het daar ook reeds studies verskyn. Die Jaarboek het in die elf jaar van sy bestaan reeds 'n uitkoms geblyk vir menige wetenskaplike historiese ondersoeker, wie se werk anders miskien êrens op 'n vergete boekrak onder die stof begrawe kon geraak het, sonder dat die resultate daarvan in die diens van die wetenskap getree het.

Gedurende 1948 het twee uiters belangrike dele van die Jaarboek die lig gesien. Die eerste omvat 'n groot werk van dr. J. Hoge van Stellenbosch, getiteld „Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806." Dr. Hoge, nugtere, wetenskaplike navorser en bekende skrywer van „Die Geskiedenis van die Lutterse Kerk aan die Kaap" (Argief-Jaarboek, 1938), het in sy nuwe werk met 'n buitengewoon verdienstelike stuk navorsingswerk voor die dag gekom.

Die omvang van Duitse immigrasie gedurende die Hollandse

bewind aan die Kaap was tot nou toe nog glad nie behoorlik behandel nie. Colenbrander se „Afkomst der Boeren" is onbetroubaar en onvolledig, aangesien hy sy ondersoek gebaseer het op De Villiers se „Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën," 'n werk wat ten spyte van die groot verdienstes daarvan, self onvolledig en dikwels onnoukeurig is. Twee ander bekende werke, Schmidt: „Der Kulturanteil der Deutschen am Aufbau des Burenvolkes", en Moritz: „Die Deutschen am Kap unter der holländischen Herrschaft, 1652-1806," bevat weer slegs 'n beperkte getal van die name van Duitse immigrante.

Hoge het hom nou ten doel gestel - soos hy self sê - „to give a complete list of those Germans who came to the Cape in the service of the Company during the period 1652 till 1806 and settled here, either remaining in the Company's service or making a living in one or other capacity after being discharged." Die bereiking van hierdie doel het hom baie jare van moeisame arbeid in die Kaapse Staatsargief en die Kaapse Kerkargief gekos, maar eindelik het hy 'n indrukwekkende versameling van personalia byeen gekry van sowat 4,000 Duitsers wat aan die Kaap bly woon het, en 10,000 wat wel in Kompanjiesdiens aan die Kaap was maar hulle nie daar gevestig het nie. In sy onderhawige werk sluit Hoge nou net die eerste groep in, d.i. dié wat hulle metterwoon aan die Kaap neergeset en histories dus vir Suid-Afrika van groot belang geword het. Die tweede, veel groter groep kon hy nie opneem nie, maar hy hoop om later 'n afsonderlike lys daarvan uit te gee.

Dr. Hoge het ons met hierdie lywige werk nou wel nie deurlopende geskiedskrywing van die gewone soort gegee nie, maar 'n monumentale, goed-geordende versameling van biografiese gegewens wat vir kultuur-historiese navorsing in die algemeen en genealogiese navorsing in besonder van die allergrootste waarde is. 'n Mens word getref deur die deeglikheid en kalme wetenskaplikheid van sy ondersoekinge; daar is nie die minste sweem van propaganda of bybedoeling nie, iets wat met dergelike werke oor besondere nasionale groepe dikwels alte maklik die kop uitsteek. Dit is

hierdie eienskappe van Hoge se werk wat 'n mens se waardering daarvoor laat styg en die waarde daarvan blywend maak.

Die tweede deel van die Jaarboek word aan twee studies gewy, 'n genealogie van die familie Krüger in Suid-Afrika („Lives of the Earlier Krügers told in a Revised Genealogical Table") deur dr. E.E. Mossop; en 'n werk van dr. Maria J. Hugo, „Die Stemreg-Vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek."

Dr. Mossop is geen opgeleide historikus nie maar 'n deskundige chirurg, wat hom vir geskiedkundige navorsing besonder interesseer en, veral sedert hy sy groot mediese praktyk in Kaapstad neergelê het, hoogs belangrike navorsingswerk gedoen het, soos weldra in ander verband nog nader sal blyk. In sy „Krügers" begin hy met die Suid-Afrikaanse stamvader, Jacobus Krüger, en die stammoeder, Johanna Kemp, oor wie hy belangwekkende en betreklik uitvoerige besonderhede meedeel. Dan volg hy elke vertakking van die familie, iedere keer met besonderhede wat nie net die mense se afstamming aantoon nie, maar ons hulle ook in hulle omgewing laat sien. Wat die werk veral van waarde maak, is die feit dat ons daarin 'n oorsigtelike en noukeurige uiteensetting van Paul Krüger se afkoms kry.

Dit val 'n mens wel op dat die werk soms geneig is om verbrokkeld en onsamehangend te word, maar miskien het die aard van die onderwerp dit tot op sekere hoogte meegebring; en dan is die verwysing na argiefstukke soms ook nie metodies en volledig genoeg nie, iets wat 'n mens by die medikus in die gedaante van die historikus seker nie so onvergeeflik hoef te vind nie. Oor die algemeen maak die werk egter die indruk van versigtige, deeglike, toegewyde arbeid.

Die werk van dr. Maria Hugo, „Die Stemreg-Vraagstuk", het as doktorsproefskrif aan die Universiteit van Pretoria gedien. Die stemregkwessie was, soos bekend is, een van die moeilikste vraagstukke waarmee die Suid-Afrikaanse Republiek te doen gekry het. Dit het binne enkele jare verander van - wat dit in waarheid en wese ook was - 'n binnelandse of huishoudelike aangeleentheid van

die Republiek tot 'n brandende geskilpunt tussen die Republiek en Groot-Brittanje. Hoedat dit gebeur het, en hoedat die stemregkwessie later 'n <u>casus belli</u> geword het, is wat dr. Hugo probeer aantoon.

Sy gaan eers na die vestiging en uitbreiding van die demokrasie in Transvaal tussen die jare 1858 en 1890. Dan bepaal sy haar in meer besonderhede by burgerskap en naturalisasie, want dit is hierdie twee punte wat met betrekking tot die stemregvraagstuk van die allergrootste betekenis is. Vervolgens stel sy ondersoek in na die ontstaan en werking van die Tweede Volksraad, en hiermee laat sy waardevolle lig val op 'n kollege waaroor daar nog steeds 'n mate van onsekerheid bestaan het. Haar gevolgtrekkinge in verband met die werk wat die Tweede Raad verrig het, en haar kritiek op dié liggaam, is geregverdig behalwe haar heel laaste konklusie, wat nou eenmaal nie met die voorafgaande behandeling wil rym nie: „Daarbenewens was die instelling van 'n tweede ondergeskikte Raad, wat 'n proses van differensiasie meegebring het, teenstrydig met die lewensbeskikking van die Boere-republikein self, wat in sy staatsopvatting die beginsel van eenheid en gelykheid baie hoog gestel het." Maar enige bladsye vorentoe het ons gelees dat niemand minder as pres. Paul Krüger self met die plan van 'n Tweede Volksraad voor die dag gekom het nie en dat hy in die Volksraad sterk daarvoor gepleit het. <u>Ergo</u>: Paul Krüger, (self Boere-republikein in murg en been), sou gehandel het „teenstrydig met die lewensbeskouing van die Boere-republikein self!"

Daarna behandel die skryfster verdere belangrike punte, b.v. die verdeling van setels, stemreg-uitbreiding, Uitlander-griewe, die Jameson-Strooptog, die Bloemfonteinse Konferensie, Britse intervensie en eindelik die stemreg as <u>casus belli</u>.

Hierdie laaste hoofstuk is 'n besonder geslaagde. Die skryfster kry hierin die geleentheid om die drade weer saam te trek en aan te toon watter resultate haar ondersoek opgelewer het. Die gevaar met so 'n slothoofstuk is gewoonlik dat dit in 'n lewenslose, vervelige opsomming van die voorafgaande behandeling kan ontaard, maar by haar het dit nie gebeur nie; inteendeel, op indringende

wyse het sy iets uit haar werk ~~gekristalliseer~~ gedistilleer.

Sy toon aan hoe Milner doelbewus op oorlog aangestuur het en hoe, ná die Bloemfonteinse Konferensie, geen toegewings van Transvaalse kant oor die stemregkwessie meer deur hom as toereikend beskou is nie. Sy toon ook aan dat die oorgrote meerderheid van die Uitlander-bevolking op die Rand eenvoudig net daarop uit was om geld te maak en gou ryk te word, en vir die stemreg geen duit omgegee het nie, maar dat lede van die sg. Reform Committee (die agitators agter die skerms) die stemregkwessie as 'n goeie voorwendsel aangegryp het om in die oë van die wêreld martelaars van die Uitlanders te maak en aldus Britse inmenging te regverdig. In dié verband haal sy verskeie veelseggende getuienisse aan, o.a. dié van kapt. March Philips: „As for the Uitlanders and their grievances I would not ride a yard or fire a shot to right all the grievances that were invented. The mass of the Uitlanders (i.e. the miners and working men of the Rand) had no grievances. I know what I am talking about, for I have lived and worked among them." Sy eindig met te betoog dat die grondslag vir die stryd tussen Brittanje en die Suid-Afrikaanse Republiek nie in die voorgewende eise vir Uitlanderstemreg en Uitlanderverteenwoordiging gelê het nie, maar veel dieper, t.w. in die fundamentele botsing tussen Imperialisme en Nasionalisme.

Hierdie studie van dr. Hugo maak op ernstige aandag aanspraak, en aangesien die onderwerp in Nederland waarskynlik ook heelwat belangstelling sal wek, wil ons die werk baie nadruklik onder die aandag van Nederlandse lesers bring.

Nie slegs in die Argief-Jaarboek nie, maar ook as selfstandige uitgawes het daar by Suid-Afrikaanse uitgewersfirma's belangrike historiese werke die lig gesien. Skrywer hiervan het by die Nasionale Pers in Kaapstad sy „Lewe van Gert Maritz" laat verskyn, 'n uitvoerige werk waarvoor die navorsingswerk verskeie jare in beslag geneem het, maar waaroor nou niks verder hoef gesê te word nie aangesien dit in die „Bijdragen" afsonderlik geresenseer sal word.

Uit die pen van dr. J.H. Breytenbach het daar - eweneens by die Nasionale Pers in Kaapstad - 'n werk van groot belang verskyn, t.w. „Die Tweede Vryheidsoorlog: Voorspel tot die Stryd." Hierdie werk is 'n paar jaar gelede onder die titel „Diplomatieke Voorspel tot die Tweede Vryheidsoorlog" - „Boerenoorlog" soos ons Hollandse vriende sou sê - as doktorsdissertasie aan die Universiteit van Stellenbosch goedgekeur, maar sedertdien effens gewysig om dit ook vir die gewone publiek leesbaar te maak, en vandaar dan ook blykbaar die weglating „Diplomatieke" uit die titel, wat vir die gewone leser seker nie ~~aanseer sou aangetrek~~ so aantreklik sou gewees het nie. Die werk maak in werklikheid die eerste deel uit van 'n reeks, wat uit verskeie dele sal bestaan en wat dr. Breytenbach voornemens is om met verloop van jare oor die Tweede Vryheidsoorlog in die lig te gee.

Dr. Breytenbach begin met 'n inleidende hoofstuk oor die Britse beleid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1896. Daarna gee hy 'n behandeling van die nuwe koers wat deur Chamberlain ingeslaan is, om na uitvoerige bespreking en oortuigende bewysvoering tot die gevolgtrekking te kom: „Dit was die politiek van Joseph Chamberlain om die Suid-Afrikaanse Republiek in 'n Britse kolonie om te skep. Sy plan was aanvanklik om dit deur middel van 'n verraderlike komplot te doen. Toe dit misluk en daar geblyk het dat die Republiek nie, soos in 1877, op dié wyse oorrompel kon word nie, het hy 'n ander koers ingeslaan om sy doel te bereik. Hy het nl. begin om die binnelandse onafhanklikheid van die Republiek aan te tas met die doel om dit te vernietig."

Teenoor die beleid van Chamberlain plaas Breytenbach dan die politieke koers van pres. Krüger: hoe Krüger, gedwarsboom en ingeperk deur Engeland, 'n vriendskapsbeleid teenoor Duitsland gevolg het; hoe hy hom ywerig ingespan het om die hoogs onbillike artikel IV van die Londense Konvensie verander te kry; hoe hy moes toesien dat ten spyte van sy proteste, Engeland Zwaziland aan die Republiek ontruk; en hoe hy bowealles steeds 'n nasionale beleid gevolg het, nie om - soos dikwels ten onregte beweer word -

'n onafhanklike Boerestaat van Tafelberg tot aan die Sambesie te vestig nie, maar eenvoudig om die gebied van sy eie republiek ongeskonde te bewaar en sy eie soewereine onafhanklikheid te verseker.

Dan volg 'n paar hoofstukke waarin 'n noukeurige uiteensetting van die diplomatieke botsings tussen Brittanje en die Republiek gegee word, en vervolgens kom die skrywer by die koms van Milner, Milner se „active policy", die „second Reform movement" en die nuwe krisis wat die regstreekse aanleiding tot oorlog was. Die werk word afgesluit met 'n hoofstuk oor die diplomatieke onderhandelinge wat die uitbreek van die oorlog onmiddellik voorafgegaan het.

Hierdie eerste deel van dr. Breytenbach is in Suid-Afrika baie gunstig ontvang, en tereg ook, want daar is met die werk min fout te vind. Soms wil dit voorkom of hy diplomatieke betrekkinge in teveel, of onnodige, fyne besonderhede volg, maar aan die waarde van die werk doen dit geen afbreuk nie. As geheel getuig die werk van grondige navorsing, indringende bespreking en logiese, oortuigende gevolgtrekking, en bowendien is dit deurgaans in 'n vlotte, boeiende styl volgehou. Die feit dat dit ook ryklik geïllustreer is, bring mee dat dit dadelik sterk tot die leser spreek.

Veel van wat daarin ter sprake kom, is wel reeds deur andere behandel, maar hier het ons nou die resultaat van die eerste grondige argivale ondersoek na hierdie gebeurtenisse uit ons geskiedenis, en dat die bevindings in sekere besonderhede soms verrassend en selfs opspraakwekkend is, hoef 'n mens nie te verwonder nie. As dr. Breytenbach in sy verdere dele die peil van die eerste handhaaf, sal hy die geskiedskrywing in Suid-Afrika 'n groot diens bewys. Ook hierdie werk word vir Nederlandse lesers, wat nog altyd vir Paul Krüger se tyd belangstelling toon, sterk aanbeveel.

By die Nasionale Pers het daar ook 'n geskiedkundige werk van 'n ander tipe verskyn, waaraan die behoefte besonder groot was en wat dus van harte verwelkom word, nl. 'n Geskiedenis-Atlas vir

Suid-Afrika. Voorheen het ons wel reeds die Suid-Afrikaanse historiese atlasse van Stockenström en Walker gehad, maar die nuwe atlas is vollediger; dit is in handige formaat gedruk, en teen 10 shillings en 6 pennies ook goedkoop op die mark gebring. Daarby het dit die voordeel dat dit 'n hele aantal kaarte bevat om punte uit die Algemene Geskiedenis, wat vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis van groot belang is, te illustreer. Dr. Anna J. Böeseken, wat die atlas in oorleg met 'n paar ander geskiedkundige werkers opgestel het, het veel eer van haar werk: sy het in haar keuse van kaarte 'n gesonde oordeel aan die dag gelê en met haar besonderhede op die kaarte versigtig en noukeurig te werk gegaan. Vir die werklike tekening van die kaarte was die heer H. Plik van Kaapstad verantwoordelik, wat nie soseer daarna gestrewe het om aan alle tegniese eise van die kartografie te voldoen nie, maar op heel praktiese wyse duidelikheid, aanskoulikheid en oorsigtelikheid voorop laat gaan het. Aldus is 'n middel geskep wat in die algemeen seker tot 'n beter begrip van ons geskiedenis gaan bydra, en byname in die onderwys van Geskiedenis in ons land 'n waardevolle hulpmiddel gaan wees.

Dit is verblydend dat die lokale geskiedenis in Suid-Afrika ook steeds weer aandag geniet. Dit het al gebruiklik geword dat gemeentes van betekenis, wanneer hulle b.v. hulle honderdjarige of twee-honderdjarige bestaan gedenk, hulle geskiedenis van die betrokke tydperk deur die een of ander gesaghebbende laat teboekstel. Gedurende 1948 het weer twee gemeentes hulle eeufeeste gevier: t.w. Smithfield in die Oranje Vrystaat, na aanleiding waarvan prof. G.B.A. Gerdener van die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch die lokale geskiedenis beskryf het; en Napier in Kaapland, in welke geval die plaaslike leraar, dr. C.C. Nepgen, 'n historiese gedenkboek uitgegee het.

Dat daar aan dergelike werke 'n behoefte bestaan, en dat hulle ontwyfelbare geskiedkundige waarde ~~het~~ besit in soverre hulle sekere besonderhede van die lokale geskiedenis vaslê wat anders maklik verlore kon gegaan het, sal seker niemand betwyfel nie.

Maar dit is tog jammer dat hulle in die reël die neiging toon om só erg „lokaal" te word, dat hulle vir mense buite die betrokke dorp of gemeente amper nie meer leesbaar is nie. Skrywers van sulke gedenkboeke behoort veel meer hulle oë vir die algemeen belangrike in die lokale geskiedenis oop te hou, sodat in die gedenkboeke nie slegs 'n aaneenskakeling van feite van beperkte lokale betekenis gegee word nie, maar die lokale geskiedenis teen die groter agtergrond van die algemene landsgeskiedenis gesien word en die intieme verbondenheid van die lokale met die algemene ook aan die lig gebring word.

Soos nou al jarelank elke jaar gebeur, het die Van Riebeeck-Vereniging ook in 1948 met 'n nuwe publikasie voor die dag gekom. Die Van Riebeek-Vereniging, wat hom blykens sy konstitusie daarvoor beywer „om seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suid-Afrika te druk, of te herdruk" - en dus die Suid-Afrikaanse susterverenigíng van die Historisch Genootschap van Utrecht en die Linschoten-Vereniging is - het nou reeds 'n indrukwekkende lys van 28 belangrike publikasies tot sy krediet, waarna die aanvraag vandag baie groot is maar waarvan verskeie reeds lankal uitverkoop is.

Die uitgawe van 1948, deel No. 28, ~~is~~ bevat die reisjoernale van Rhenius en Brink, besorg deur dr. E. E. Mossop, die bekende Kaapstadse navorser oor die ou Kaapse roetes, wat alreeds hierbo in verband met die genealogie van die Krügers genoem is. In sy mooi uitgawe vir die Van Riebeeck-Vereniging het dr. Mossop nou vir Rhenius en Brink, wat onderskeidelik in ~~1761~~ 1724 en ~~1724~~ 1761 uitgebreide reise na die Kaapse binneland onderneem het, op hulle spore gevolg en - net soos hy in sy „Old Cape Highways" en sy werke oor die reisjoernale van Bergh, Schryver, Wikar, Coetsé en Van Reenen gedoen het - weereens 'n belangrike bydrae tot ons historiese topografie gelewer.

Nie slegs die werke wat verskyn het nie, maar ook dié wat in vooruitsig gestel en op koms is, getuig van aktiwiteit. Die Van Riebeeck-Vereniging het die grootste plan opgevat om ter herdenking

van die driehonderdste verjaarsdag van die stigting van die Kaapse volksplanting deur Jan van Riebeeck die Dagverhaal van Van Riebeeck in 1952 uit te gee. Hierdie belangrike stuk, wat populêr as die Dagverhaal van Van Riebeeck bekend geword het, is in werklikheid niks anders as die eerste tien jaar (Van Riebeeck se tyd) van die amptelike dagregister nie, wat - soos ook op ander plekke onder die Kompanjie gebeur het - dwarsdeur die Kompanjie se bewind aan die Kaap gehou is. Dit is gewis een van die allervernaamste stukke uit ons geskiedenis. Daarin volg ons Van Riebeeck en sy metgeselle op hulle voetspoor, dag-vir-dag, waar hulle swoeg en sweet en werskaf om met 'n klein beskeie begin die Wes-Europese beskawing aan die ~~verre~~ uithoek 'n Donker Kontinent vas te anker, vanwaar dit nooit weer sou verdwyn nie. Gepaster hulde as wat die Van Riebeeck-Vereniging hiermee aan die nagedagtenis van die stigter wil bring, kan 'n mens jou nie maklik voorstel nie.

Maar die Van Riebeeck-Vereniging het 'n geweldige taak aangedurf, - dit besef 'n mens dadelik as jy daaraan dink dat die Dagverhaal oor die 2,000 fyn-geskrewe folio-bladsye beslaan. Om dit gewoonweg net in druk weer te gee - min of meer soos die Historisch Genootschap van Utrecht in sy uitgawe van 1884-1893 gedoen het, 'n uitgawe, terloops, wat ook al lankal uit druk is - sou wel geen besondere moeilikheid opgelewer het) ~~oplewer~~ nie, maar 'n wetenskaplike uitgawe, behoorlik geannoteerd, is 'n gans ander saak.

Om dit moontlik te maak, het die Van Riebeeck-Vereniging, dank sy finansiële ondersteuning van Regeringsweë, die voltydse dienste verkry van prof. D.B. Bosman van die Universiteit van Kaapstad en van skrywer hiervan. Eersgenoemde sal oor die transkripsie toesig hou en vir taalkundige aantekeninge verantwoordelik wees, terwyl laasgenoemde vir die historiese annotasie sal sorg en bowendien - aangesien die voorneme bestaan om ook 'n volledige Engelse vertaling uit te gee - die vertalingswerk sal organiseer en die vertaling kontroleer. Aldus word gehoop om dan in 1952 die geheel gereed te hê: vermoedelik vier ~~vir~~ dele Nederlandse teks ~~tesis~~ met Afrikaanse annotasie en vier dele Engelse teks ~~tesis~~ met Engelse annota-

sie.

Naas die Van Riebeeck-Vereniging het ook die Nasionale Pers groot planne vir die nabye toekoms. Met die oog op die driehonderdjarige gedenkfees het die Pers geruime tyd gelede al begin met organisasiewerk in verband met 'n groot uitgawe „Die Drie Eeue-Reeks", wat onder redaksie van dr. Böeseken, prof. Krüger van Potchefstroom en dr. A. Kieser (hoof van die Vrystaatse Argief in Bloemfontein) sal staan. Daarin sal hoofpunte uit die afgelope driehonderd jaar van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan die orde kom, só gekies en behandel dat dit veral vir jongmense belangwekkend sal wees.

Die Nasionale Pers is daarby reeds goed gevorder met 'n ander groot werk wat ook in 1952 - d.i. vyftig jaar na die afsluiting van die Tweede Vryheidsoorlog by die Vrede van Vereeniging in 1902 - moet verskyn. Aan die hoof hiervan is dr. Breytenbach geplaas, wat vanweë sy belangstelling en vorige navorsing uitnemend vir die taak bevoeg is. Hy het die medewerking van verskeie ander geleerdes verkry, en die gedagte is om met 'n omvattende werk weer die aangrypende gebeure van daardie ongelyke stryd te laat herleef, en ook die wonderwerk van die betekenis daarvan na vore te bring. Dat so 'n werk waardige huldebetuiging aan die strydende geslag van die verlede moet wees, lê voor die hand; maar dit moet meer wees, dit moet goeie wetenskaplike geskiedskrywing wees, 'n standaardwerk oor 'n heroïse tyd, en ons verbly ons daaroor dat dit juis is wat die Nasionale Pers en dr. Breytenbach aan Suid-Afrika wens te gee.

'n Laaste groot publikasie met die aanvoorwerk waarvan die Nasionale Pers reeds jare gelede begin het en wat ongelukkig nog steeds om die een of ander rede bly steek het, is 'n „Geskiedenis van Suid-Afrika" min of meer op die patroon van die Cambridge History of the British Empire se deel oor Suid-Afrika. Tot redaksie is indertyd benoem dr. A.L. Geyer (destyds hoofredakteur van Die Burger in Kaapstad en tans hoofredakteur van die Nasionale Pers se tydskrifte), wyle prof. I.D. Bosman van Pretoria, prof.

J.A. Wiid van Stellenbosch en prof. A.J.H.van der Walt, en hulle het 'n groot aantal medewerkers genader wat ingewillig het om bydraes te lewer. Die werk het glo veel groter geword as wat oorspronklik bedoel is, sodat dit waarskynlik nou in 'n paar dele sal verskyn. Na verneem word is dit tans so ver gevorder dat die eerste deel binnekort na die pers kan gaan. Dit sal vir belangstellendes seker goeie nuus wees, want daar word met gretigheid na die werk uitgesien.

Liefhebbers van die Geskiedenis in Suid-Afrika het in die afgelope paar jaar met spyt verneem dat dit met „Historiese Studies", wat aan die Universiteit van Pretoria uitgegee word en die enigste geskiedkundige tydskrif in Afrikaans is, nie so goed gaan nie. Met die stukke wat daarin verskyn het, was daar wel niks verkeerd nie: dit was meestal die resultate van oorspronklike navorsingswerk, en verskeie daarvan het op 'n hoë peil gestaan. Die redakteurs het inderdaad rede om trots te wees op wat hulle hul lesers tot nou toe aangebied het. Daar was vermoedelik ook geen gebrek aan bydraes nie, want die omvang van historiese navorsing in Suid-Afrika is sodanig dat waarskynlik 'n paar tydskrifte gereeld gevul sou kon word.

Maar die groot moeilikheid lê, soos meegedeel word, by die sakesy van die tydskrif. Finansieel was dit nie 'n sukses nie, en die gevaar bestaan dat dit in die toekoms teen groot verlies uitgegee sal moet word, iets wat natuurlik nie van 'n universiteit met sware geldelike verpligtinge verwag kan word nie. Die ondervinding met „Historiese Studies" skyn daarop te dui dat Suid-Afrika nog nie vir 'n dergelike blad ryp is nie; eers wanneer ons 'n heelwat ruimer leserskring daarvoor het, sal ons dit met welslae gaande kan hou. As „Historiese Studies" gestaak moet word, sal dit vir Suid-Afrikaanse historici ongetwyfeld 'n groot verlies wees, maar ons weet dat ons op ons Pretoriase kollegas kan reken dat hulle die blad nie sommer sonder meer sal laat verdwyn nie, maar dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om iets daaruit te laat voortvloei of iets anders in die plek daarvan te stel.

Eindelik kan nog kortliks melding gemaak word van die aktiwiteite van sekere liggame wat hulle ook vir historiese aangeleenthede interesseer. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat - o.a. deur die toekenning van pryse en erepennings - trag om literêre en wetenskaplike arbeid te bevorder en wat al om die vier jaar ook 'n prys in die groep Geskiedenis en Aardrykskunde beskikbaar stel, het hierdie prys vir die jare 1944-1947 toegeken aan dr. P.J. van der Merwe van die Universiteit van Stellenbosch ter erkenning van sy ondersoekings oor die pioniersgeskiedenis van Kaapland, wat reeds die lig gesien het in 'n paar omvangryke werke, t.w. „Die Noordwaartse Beweging van die Boere vóór die Groot Trek"; „Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie"; en „Trek." Vir hierdie onderskeiding het dr. van der Merwe, wat as 'n besonder bedrywige en produktiewe navorser bekend staan, allerweë hartlike gelukwensing ontvang.

Die Historiese Monumente-Kommissie, wat sedert 1934 statutêre erkenning geniet, is belas met die taak om die Regering in verband met die behoud van natuurlike en historiese gedenkwaardighede te adviseer en besit die mag om gedenkwaardighede tot nasionale monumente te proklameer, waardeur die behoud daarvan verseker word. In die afgelope jaar het die Kommissie aan historiese oudhede in alvier die provinsies van die Unie aandag gewy. Die volgende dien as voorbeelde van die wydvertakte werksaamhede van die Kommissie: In Kaapland sal waarskynlik die ou Lutherse Kerkgebou (met bybehorende Kostershuis) in Kaapstad, die ou Burgerwoning op Stellenbosch en Reinet-Huis in Graaff-Reinet geproklameer word; in Transvaal word aandag gewy aan die plaas van president Krüger, terwyl ook sekere punte op die trek van Louis Trigardt - baanbreker onder die Voortrekkers - aangedui sal word; in Natal sal verskeie van die vroegste forte van die blankes en ook die historiese geboue by Rorke's Drift (Slag van Rorke's Drift in 1879) gerestoreer en moontlik geproklameer word; en in die Oranje Vrystaat geniet die ou Kliphutte van Lindley tans aandag.

Die Sentrale Volksmonumente-Komitee, wat deur die Regering

erken word as die liggaam wat oor die oprigting van die groot Voortrekkermonument by Pretoria beheer het, en waarop die Regering wat die oorgrootste gedeelte van die fondse voorsien het, ook verskeie verteenwoordigers het, kon op sy jongsgehoue vergadering meedeel dat die werk aan die monument sodanig gevorder is, dat dit vanjaar by geleentheid van die Dingaansfeesviering (16 Desember) onthul sal kan word. 'n Mens kan verwag dat dit 'n besonder groot feesviering sal wees en dat by dié geleentheid oral in Suid-Afrika die aandag weer sterk op die Voortrekkergeskiedenis toegespits sal wees.

Ofskoon die Sentrale Volksmonumente-Komitee hom in die eerste instansie met die monument by Pretoria besighou, waaraan tot datum reeds oor die £300,000 gespandeer is, het die Komitee ook in verband met die oprigting van kleiner volksmonumente 'n helpende hand uitgesteek. Die Komitee het meer as £6,000 vir die oprigting van die Bloedriviermonument bygedra, waardeur op die geskiedkundige Natalse bodem op waardige wyse eer aan die nagedagtenis van die Voortrekkers bewys word, en het ook reeds beloof om ondersteuning te verleen aan die plan om 'n passende gedenkteken daar te stel te Winburg, 'n ander plek wat van groot betekenis met betrekking tot die Voortrekkergeskiedenis is.

In 'n jong land soos Suid-Afrika voel ons dankbaar dat ons veelvuldige uitinge van belangstelling in ons geskiedenis kan waarneem. Die gees van materialisme is egter in ons land - soos skynbaar ook in al die ander jong lande van die wêreld - geweldig sterk. Die gevaar bestaan dat sowel die neiging tot as die fondse vir geskiedkundige en ander geesteswetenskaplike studies, wat nie 'n onmiddellike dividend in klinkende munt afwerp nie, ernstig benadeel kan word. Ons wil maar hoop dat die belangstelling in ons verlede nie ten gevolge van die materialisme in 'n oppervlakkige vernissie van ydele grootdoenerigheid sal ontaard nie, maar dat dit nog steeds sal toeneem en verdiep om vir ons waarlik 'n vrugbare bron van ryke geestesinhoud te word.

---